# G1 - Om God eerste te stel

**Doel van les:**

- Ons kyk na die twee paaie in die lewe wat ons kan kies. Ons gesels oor wat dit beteken om God eerste te stel.

Lofprysing en aanbidding.

**Ysbreker: Aangee speletjie**

Gee vir elke kind in die groep 'n klip. Gee vir die leier 'n swaar boek. Die leier gee die boek vir 'n kind in die groep. Daardie kind moet nou die boek aangee na die persoon aan die linkerkant terwyl hulle nog vashou aan die klip. So moet hulle kyk hoe vinnig hulle die boek kan aangee van kind tot kind sonder om die boek of die klip in hul hande te laat val.

**Les Inhoud:** Tyd vir God

Ons het verlede week gesels oor die nou en wye pad en hoe ons die regte pad moet kies. Ons moet God eerste stel en nie ons eie pad wil volg nie. Hoeveel tyd in 'n dag word eenkant gesit vir God? Agv ons besige lewens en die begeerte om soveel pret te hê as moontlik, plaas ons dikwels God op die agterse sitplek. Ons moet God eerste stel deur die beste tyd van ons dag vir Hom te gee en nie net af te skeep nie. Met tyd gee bedoel ek om Bybel te lees en te bid elke dag en God beter te leer ken.

**Aktiwiteit:**

Hierdie aktiwiteit gaan jou bietjie help om te kan sien waaraan jy die meeste tyd spandeer in jou dag.

**Matteus 6:24 sê: Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal of die een minder ag en die ander een hoer, of vir die een meer oorhê en die ander een afskeep.** God wil hê dat ons Hom die grootste deel van ons dag maak. As jy vandag na jou blaai kyk en sien dat daar net 5 min is vir bid en nog minder vir Bybel lees, maar ure vir televisie kyk, dan moet jy weet God is nie jou eerste nie.

Enige iets wat ons voor God plaas, is 'n afgod in ons lewens. As ons aan iets anders meer aandag gee, maak ons dit 'n prioriteit in ons lewens en dan loof ons eintlik 'n ander god. Daar is niks daarmee verkeerd om televisie te kyk of om sport te speel nie, maar God moet nog steeds no 1 bly. God first

Sluit af met gebed.